## *Woord van Vader aan Louise/Christine*

DEEL 1

17 Nov. 2007 06:46

Dink aan My altyddeur
Want anders sal julle verbeur
'n land so wondermooi
waarin almal wat MY liefhet
sal woon en gelukkig wees
daar sal wees geen vrees
en alle trane sal verwyderd wees
omdat EK, Jahshua, daar sal wees
en arm in arm
sal ons saam gaan wandel
**onder 'n ou boom**
sal EK julle dan vergader
en in MY glorie sal EK julle nader
en julle sal weet
EK is die EEN waarvan julle vertel is
Toe alles nog jonk en skoon was

30 Des. 2007 07:54

Dink aan MY in die tyd wat kom
want die tyd wat kom is baie donker
Kom skuil by MY
Al wil die wêreld raas
en hulle na MY boom haas
om hom af te kap
MY boom sal bly staan
EK self sal vir julle die weg oopbaan
Geen byl sal aan sy stam raak
Dis MY pyle wat hulle sal seermaak

Kom skaar jou by die boom
En gee jouself aan MY oor
En jy sal niks verloor
As MY boom verplant word
En die stad gebrand word.

Dit is MY groot liefde vir jul
Dat almal wat wil,
kan kom en by MY skuil
Terwyl die aarde gaan huil

Wees deel van MY boom
Wees nie dom
En jy sal verstom
Na die nuwe aarde kyk
Of na MY ryk
Wat EK spesiaal vir julle berei het.

Dit is MY belofte,
**Dis nog beter as 'n gelofte**
Wat julle aan MY doen.
Kom luister na MY stem

Dan sal julle ook wen
En saam met MY die satan oorwin.
Amein

4 Nov 2007
Vir julle wat EK liefhet sê JAH
Vir julle sal EK kom
En julle MY geliefdes
Julle is MY blom

5 Nov. 2007 13h11
Juig, juig, juig
Die aarde sal getuig
Dat Sion, MY blom
Uit Afrika uit kom
En in die duister uur
Sal EK MY boodskapper stuur
Met saal en toom sal hy
Die hele wêreld vol ry
Hy sal roep en skree:
"Bring MY mense mee"
En oor die hele aarde
Sal Sion na MY kom.
Dit is 'n nuwe dag
En jul sal almal lag
Die dag wanneer EK kom
Om julle te versamel
Vanuit MY aardebron
Gebed aanhaling uit
die Nuwe Bybel Bls. 277

HEILIG HEILIG HEILIG
UITERSTE HEILIG
HEILIG HEILIG HEILIG
is U, o ELOHIM
ONS HEMELSE VADER
JAHSHUA
deur
U HART SE OERGRONDPOOL
VAN EWIGE LIEFDE
MIRIAM
in ons hart
in ons siel
in ons gees,
U HEILIGE GEES
VAN VOLMAAKTHEID
word vervul in ons,
met ons
deur ons deur
U ALLEEN HEILIGE WIL!
AMEN AMEN AMEN

193 Met hierdie Heilige-gebed, julle mensekinders, kan 'n wonderlike direkte kontak met MY JULLE ELOHIM EN HEMELSE VADER bereik word, op voorwaarde dat julle julle hart oopmaak in hierdie gebed in die mees toegewyde Liefde. Julle kan dit bereik, sê EK JAHWEH, as julle MY inderdaad liefhet, as julle MY werklik aangryp as die ENIGSTE EN EWIGE VADER

VAN HEMELE EN AARDE, as JULLE HEILIGE VADER, en so diep in die mees ywerige JAHSHUA-MIRIAM LIEFDE sal ingaan dat jou woorde nie meer genoeg sal wees om jou Liefde vir MY te bely nie, wat in die heiligste toewyding vir MY sal groei tot die geskreeu van die hart:

"UITERS HEILIG"